

Vrydag 30

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 16:5-14 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 16:7-10

Simeï herinner aan die vloek wat op die mens rus vanweë wetsoortreding

Simeï, 'n bloedverwant van Saul, het Dawid verkeerdelik vir die ondergang en dood van Koning Saul verantwoordelik gehou. As Simeï Dawid dan onregmatig daarvoor vloek, neem hy nie wraak op Simeï en laat hom stilmaak nie, sy reaksie is: “Laat hom staan, dat hy vloek, want die HERE het hom dit beveel” (vs 11).

Dawid bedoel nie dat die Here Simeï direk tot so iets opdrag gegee het nie, maar dat die Here hom wel toelaat om hierdie sonde teen die koning te pleeg. Dawid het goed besef dat al was hy onskuldig aan dit waarvoor Simeï hom vloek, hy skuldig was aan baie ander oortredinge van God se gebooie waarmee hy die vloek van die wet oor homself gebring het (Deut. 27:26). Daarom is sy bede: “Miskien sal die Here my ellende aansien en my goed vergeld vir die vloek wat my vandag tref.”

Dawid vra dit nie asof hy iets sou verdien het deur die onregmatige vloek van Simeï nie, maar omdat hy op God se barmhartigheid vertrou het. God se barmhartigheid oor Dawid en ons was baie groot. Sy Seun, by Wie daar nie die geringste oortreding van sy gebooie was nie, het onskuldig die vloek van die wet wat op ons vanweë ons wetsoortreding gerus het, gedra (HK So 15, v/a 39). Hy het dié wat Hom onskuldig gekruisig het, nie gevloek nie, maar vir hulle gebid: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

Christus, wat onskuldig en geheel en al sondeloos was, het toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel nie, toe Hy gely het, nie gedreig nie, maar dit oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel. Hy het vir ons 'n voorbeeld nagelaat: dat ons wat deur Hom van die vloek van die wet verlos is, in sy voetstappe kan volg (1 Pet. 2:21-24).

As mense ons vals beskuldig en uitskel, soos Simeï vir Dawid, moet ons deur die Gees se werking ook hierin die beeld van Christus vertoon en nie harder terugskel en vloek nie, maar soos Dawid dit aan God oorlaat om regverdig te oordeel en ons barmhartig te wees.

Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)